Sanlam

# Funeral support and burial repatriation

The loss of a loved one will always remain one of the most traumatic events in our lives. While no-one can make it easier to lose a loved one, Sanlam Employee Benefits can lighten the load by transporting the deceased back home if the death occurred far from his/her home base.

The Burial Repatriation Benefit is a service that allows for the transport of the deceased member's body back home to the final funeral home closest to their place of burial in South Africa, if the death occurred far from his/her home.

## Benefit


The service is available at the death of any principal employee (in respect of Group Life insurance or Funeral insurance schemes), and his/her qualifying spouse and child/ren (in respect of Funeral insurance schemes).

## What does the service offer you?

The service includes

Transport of the deceased

Via road or air, to the funeral home closest to the place of burial in South Africa, transport is available from anywhere in South Africa, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Botswana, Namibia or Mozambique (south of the 22° latitude):




All our vehicles are refrigerated Mercedes Benz Sprinters and are fitted with live Satellite Tracking.

Special cultural preferences

We have taken into account that the surviving family may have special cultural preferences regarding the transportation of the deceased and we will ensure that special care is taken to meet these preferences.

Accompanying the deceased

If death occurs in South Africa, the service also allows for

- transportation arrangements for a single relative to accompany the mortal remains to the final funeral home; and
- overnight accommodation (subject to limitations) for a single relative.

## Other services

Other services, which are aimed at simplifying the death/ burial for the family, include:

- assistance and advise on claims procedures is provided to the surviving family;
- if necessary, legal assistance can be arranged to assist with the interpretation of the Will and the management of the necessary documentation;
- advice will be provided on matters such as obtaining a death certificate and cross-border documentation;
- referral to a pathologist will be made if an autopsy is necessary;
- referral to reputable funeral parlours and providers of other funeral services such as catering and transport can be made, and clients benefit from our experience and knowledge of suitable providers; and
- assistance can be provided when looking for a tombstone supplier.

## How to arrange for this service

The member's next of kin can access this benefit, either by themselves or via the member's employer, by calling our 24-hour specialised call centre on **086 0004 080**.

These services are available 24 hours a day, 7 days a week and calls can be answered in any one of the official South African languages.

The information required to process the claim:

- Name and ID number of the deceased
- Name and code of fund or employer scheme
- Place where death occurred

This brochure provides a general summary of the products Sanlam offers. If there is a discrepancy between this Fact Sheet and the provisions of the contract with the Service Provider, the contract with the Service Provider will prevail.

Sanlam Life is a Licensed Financial Services Provider

Sanlam

# Begrafnisbystand en -repatriasie

Die verlies van 'n geliefde sal altyd een van die mees traumatiese gebeure in ons lewens bly. Terwyl niemand dit makliker kan maak in hierdie tye nie, kan Sanlam Werknemer-voordele die lading verlig deur die oorledene huis toe te bring vir die begrafnis indien die dood van 'n geliefde ver van die huis af plaasvind.

Die Begrafnisbystand en repatriasie-voordeel is 'n diens wat verseker dat alle reëlings getref word vir die vervoer van die oorledene se stoflike oorskot, na die finale begrafnis-ondernemer, wat die begrafnis behartig, die naaste aan die plek van die begrafnis in Suid-Afrika.

## Voordeel

Hierdie is 'n diens wat verskaf word aan alle versekerde werknemers (ten opsigte van Groeplewensversekering- of Begrafnisversekering-skemas), en sy/haar kwalifiserende gade en kind/ers (ten opsigte van Begrafnisversekering-skemas).

## Wat behels die diens?

Die diens sluit in

Vervoer van die oorledene

Die vervoer word pad- of luglangs verskaf na die begrafnisondernemer, wat die begrafnis behartig, die naaste aan die plek van die begrafnis in Suid-Afrika. Vervoer is beskikbaar vanaf enige plek in Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Botswana, Namibië en Mosambiek (suid van die 22 breedtegraad):




Al die Mercedes Benz Sprinter voertuie, vir hierdie doel gebruik, is volledig toegerus met verkoelingsfasiliteite en word voortdurend gemonitor deur middel van 'n satelietopsporingstelsel.

Spesiale kulturele voorkeure

Ons diens neem ook in ag dat sekere van ons kliënte spesiale kulturele voorkeure mag hê met die vervoer van die oorledene en ons verseker u dat alle kulturele voorkeure met spesiale sorg nagekom sal word.

Vergesel van die Oorledene

Indien die afsterwe van enige van die versekerde lewens binne die grense van Suid-Afrika geskied, sluit ons diens ook die volgende in

- vervoerreëlings vir een familielid om die oorskot van die oorledene te vergesel na die begrafnisondernemer wat die begrafnis behartig in die dorp / stad waar die begrafnis gaan plaasvind, en
- oornag akkommodasie (onderhewig aan beperkinge) vir hierdie familielid.

## Ander Dienste

Addisionele dienste, wat daarop gemik is om die begrafnis- en ander reëlings vir die familie so maklik moontlik te maak, sluit in:

- ondersteuning en advies om enige eis so spoedig moontlik af te handel;
- indien nodig is regshulp ook beskikbaar aan die familie om te help met die interpretasie van die testament en die hantering van dokumentasie om die boedel so spoedig moontlik af te handel;
- advies oor hoe om die sterftesertifikaat en ander dokumentasie te bekom indien die dood buite die grense van Suid-Afrika plaasgevind het;
- verwysing na 'n patoloog indien 'n nadoodse ondersoek gereël moet word;
- verwysing na betroubare begrafnisondernemers en ander begrafnisdiensverskaffers, byvoorbeeld spyseniering en vervoer; en
- advies en ondersteuning indien bystand benodig om 'n betroubare diensverskaffer te bekom vir die oprig van die grafsteen.

## Hoe om van hierdie diens gebruik te maak

Die versekerde se naasbestaandes het toegang tot hierdie diens deur direk, of deur die werkgewer die 24-uur gespesialiseerde kontaksentrum te skakel by **086 0004 080**.

Hierdie diens is 24 uur per dag, 7 dae per week beskikbaar en oproepe word beantwoord in enige van ons amptelike Suid-Afrikaanse tale.

Die inligting wat benodig word om die eis te verwerk:

- Naam en ID nommer van die oorledene
- Naam en kode van die fonds of werkgewerskema
- Plek van afsterwe

Hierdie brosjure bied 'n algemene opsomming van die produkte wat Sanlam bied. As daar 'n verskil tussen hierdie feiteblad en die bepalings van die kontrak met die diensverskaffer is, sal die kontrak met die diensverskaffer geld.

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste